



'n Afgeronde geheel

BENODIGDHEDE: Ongeveer 1 000 g wit Omega Nr. 5; hekelpen van 2 mm.

MATE: Deursnee van 180 cm; 1 motief is 16 cm in deursnee.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; dsl - dubbelslagsteek; smst - springmielisteek (= drie dubbelslagsteke in dieselfde steek, saam deurgetrek); osk - oop skulp (= een springmielisteek, drie kettingsteke en een springmielisteek in dieselfde steek); p(s) - picot (picots, d.w.s., drie kettingsteke, een glipsteek in eerste kettingsteek); sp(s) - spatie (spaties); gs - glipsteek; herh - herhaal.

AANWYSINGS: Die tafeldoek bestaan uit ronde motiewe wat later saamgevoeg word. **Eerste motief:** Begin met 12ks, sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: 24kb in ring.

2e rondte: (1dsl, 1ks) in elk van 24 dsl.

3e rondte: * 1kb in sp, 2ks*; herh rondom.

4e rondte: * 2kb in sp, 5ks, slaan 1sp oor, 2kb in vlg sp, 7ks, slaan 1sp oor; herh rondom.

5e rondte: * 1osk in 5ks-sp, 5ks, 1kb in 7ks-sp, 5ks; herh van * rondom.

6e rondte: * 6kb in osk-sp, 7kb in elk van vlg 2 sps; herh van * rondom.

7e-10e rondte: Deurgaans kb (120 ste).

11e rondte: * 4kb, 3ks, slaan 1 st oor, 4kb, 5ks, slaan 1 st oor; herh vanaf * rondom.

12e rondte: Glipsteek oor 4kb, * 1osk in 3ks-sp, 5ks, 1kb in 5ks-sp, 5ks; herh van * rondom.

Hekel die benodigde aantal ronde motiewe — dit hang af van grootte van tafel waarvoor dié tafeldoek gehekel word.

Werk die ronde motiewe telkens by twee opeenvolgende osk aanmekaar vas en hekel dan 'n omranding soos volg: (2kb, 1p en 2kb) in elke 3ks-sp, (3kb, 1p en 3kb) in elke 5ks-sp.

